KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

MAY 2011 EDITION

DIE TIEROGIE

3-5 JUNIE 2011



TYGERBERGSTREEK KAMP OP SKURWEKOP—ROBERTSON

INSIDE THIS ISSUE:

UIT DIE STOEL 3

DROOGMAKER GASTE 4

VERJAARSDAE EN MYLPALE 5

ADVERTENSIES 9

GEDAGTE VAN DIE MAAND 10



Die naweek van 4 en 5 Junie het ons by Skurwekop by Robertson gekamp. Ons eerste keer wat ons by Skurwekop kamp. Alhoewel ons die park met die publiek gedeel het, het die naweek goed afgeloop.

Die park is teen die rivier geleë tussen die klowe en boorde, 'n regte lekker plaas atmosfeer.

Ek wil ook vir Marina bedank dat sy ons streek op so besige naweek geakkomodeer het en uit haar pad gegaan het om vir ons 'n plekkie te hou met spesiale reëlings rondom die tarief.

As jul 'n naweek wil wegbreek Robertson toe 'n definitiewe Park om op jul lys te plaas.

Die groot doel van die kamp was om ons lede te laat kamp tydens die Wacky Wine Fees by Robertson.

Vrydagaand was ysig koud maar met 'n groot vuur en 'n goeie rooiwyn is die koue uit die lyf gejaag.

Saterdag het die meeste lede die Wacky Wine fees besoek. Die Wacky Wine word gehou by verskillende Wynplase. Elke wynplaas bied sy eie program aan en daar was kos, klere en allerhande stalletjies en natuurlik baie wyn om te proe. Gaan besoek gerus die Wacky Wine se web deur Robertson Toerisme. Hierdie was die 8ste Wack Wine Fees.

Die dorp self was natuurlik ietwat mal met al die besoekers maar as jy jou program reg uitgewerk het kon jy verskeie wynplase besoek het wat rondom Robertson geleë is.

Na 'n lang Saterdag en baie proëe was die aand maar stil, vure het lekker gebrand en ons het selfs 'n klein bietjie reën gehad.

Sondag het ons kerk en vergadering gehad. Dankie aan Jurita Visser wat vir ons die Woord gebring het. Daar is vroeg opgepak om die ergste verkeer uit Roberson te mis.

Wat sê julle sal ons volgende jaar weer Wacky Wine?

Ons volgende kamp is Dwarskersbos 15 tot 19 Junie 'n lekker lang naweek vir die wat die Vrydag verlof vat. Daar is gereël om te kamp van die Woensdag teen 'n tarief van R101 per nag. Alle gelde is by die Marchalls betaalbaar. Hou jul e-posse dop vir die program.

Lekker kamp

Chief Chris

Volgende Kampe :

16, 17 & 18 Junie :

Dwarskersbos

23 & 24 Julie :

Yzerfontein

6-9 Augustus :

De Hollandsche Molen

FOTOS



Die klein dogtertjie is stout agter in die kar oppad huistoe van die skool af.
Haar ma gee haar 'n vet hou en sê "Nou sit jy stil en ek wil nie ‘n woord verder van jou hoor nie."
Na ’n lang ruk vra die dogtertjie of sy iets mag sê?
Haar ma sê "Jy't mos gehoor wat ek nou-nou gesê het, maar wat is dit?"
Dogtertjie sê " Ek wil net vir ma sê, vanaand sal Liewe Jesus hiervan hoor!".

UIT DIE STOEL / FROM THE CHAIR

Al die Tygerberglede en medekampers

Met die brandstofpryse soos dit huidiglik is, knyp dit maar almal van ons. Hierdie naweek was ons maar 20 karavane (18 lede en 2 gaste). Dis ook die eerste keer wat ons op Skurwekop staan gedurende die Wacky Wine naweek. Tenspyte daarvan, was dit 'n "stunning" naweek. Om so langs die rivier te kamp en die wynkelders van die omgewing te ondersteun bly maar net eenvoudig 'n lekkerrrrrrrrr!!

Soos julle vroeër in die nuusbriewe gelees het, het die bestuur van oorde nou begin om al meer en meer aandring op 'n deposito wanneer die oord bespreek word. Ons sal nou nog meer moet staat maak op ons lede vir samewerking in dié verband, veral waar dit kom by die besprekingsvorm. Ons Hoof Saamtrekbeampte, Chris Groenewald, is gereeld in onderhandelinge met die oorde se bestuur vir beter tariewe en besprekings om die deposito's vry te spring. Volgende jaar se kampe sal bekend gemaak word met die AJV.



Hannes Mundey
Voorsitter:
KSA Tygerbergstreek

Die Algemene Jaarvergadering is om die draai en ons wag vir Nominasies vir die komitee. Dit sal hoog op prys gestel word indien nominasies so gou moontlik ingehandig kan word ter voorbereiding van die AJV.

Tygerbergstreek se webtuiste is weer op datum met die foto's. Dankie aan Joan Mundey wat daardie tydsame funksie behartig. Lede word weereens versoek om tog maar ons webtuiste dop te hou, veral voor 'n saamtrek. Die naweek program kan ook afgelaai word vir dié lede wat beplanning wil doen vir die naweek. Lede word ook versoek indien daar enige verdere voorstelle is vir die webtuiste, om ons in kennis te stel

Lidmaatskapgelde vir 2011/2012 is weer betaalbaar teen 01 Julie 2011. Daar is wel 'n grasie periode tot einde September 2011 deur Hoofkantoor toegestaan, maar ek wil egter 'n beroep doen op lede om hulle lidmaatskapgelde so spoedig moontlik te betaal. Die lidmaatskap gelde bly onveranderd teen R210.00 per jaar.

"Lidmaatskap is weer hernubaar teen 01 Julie 2011."

SNOEKTOWN
10 –11 Sept 2011
Ou Skip

Aan ons Hemelse Vader die Dank vir alles wat Hy vir ons moontlik maak.

Karavaan Groete

Hannes

BAIE GELUK

Baie geluk aan Syfert Fourie wat op 28 Mei 2011 sy 3de Comrades klaar gemaak en sy 1ste “Bill Rowen” madalje gekry het in ’n tyd van 08h58mins.

DROOGMAKER VAN DIE NAWEEK

So begin die heerlikste naweek wat ekke in 'n lang tyd beleef het, maar ons moenie vergeet dat die lepel ook 'n huis moes kry nie. Nou ja omdat ekke so "besig" was het ek maar 'n kampkommandant aangestel, maar niemand het geweet dit is Marika nie.

Nou ja, sy hou toe maar die mense dop wat kamp terwyl die res van ons heerlik aan die voggies teug wat die plek ons gebied het. Dis toe dat sy moes sien maar Gideon is heeltemal onverantwoordelik. Eerstens was hy so haastig om te "wacky" dat hy nie eens sy vlag opgehang het nie. So moes ek ook die hele naweek Vrydag se vleis eet, want Vrydagaand braai hy mos nie, gee my vleis oor aan 'n baie jong seun wat nie die tjoppie reg braai nie, en ook nie eers sout opgooi nie. Saterdagaand wil hy weet wat braai ons, toe wys ekke hom die hele bak vleis wat nog half "rou" was en se hy moet dit maar weer braai. Maar nee hy braai nie, toe is dit weer Bennie se beurt om my vleis te "dokter" sodat dit eetbaar is.

Ek gee toe my kamera aan Marika om vas te hou vir my en die volgende oggend vra ekke vir hom om die kamera te gaan haal, maar hy kom eerder terug en se nee Marika het nie die kamera nie - Sies G mens jok nie vir jou vrou nie!

Ek vra hom ook toe mooi om vir my hot chocolate te maak Saterdagaand, maar weereens word ekke opsy gestoot en Marika gee toe vir my 'n heerlike warm drankie om my teen die koue te beskerm. 'n Mens se man moet jou mos eintlik beskerm!

Die laaste strooi is mos dat hy my "designated driver" sou wees vir Saterdag. Hy sal blykbaar net druiwe sappies drink terwyl ekke my kan geniet, en toe wat gebeur, hy spring saam met Gert in die bakkie en die moes ons toe maar rondry want Gideon was glad nie instaat nie.

Ja G jou beurt is jou beurt, geniet maar die lepel hoor!

WELKOM AAN ONS GASTE EN BESOEKERS

Gaste (1st keer)

Gavin Sadie & Christine Eksteen

John du Toit & Mariska Wiehman

Gaste van lid.

Morne & Helena Van Schalkwyk

Morne & Helena Van Schalkwyk



VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lede wat in Junie verjaar. Mag dit 'n mooi jaar vir elkeen wees.

Lynn De Bruyn—1 Junie

Petro Marais— 1 Junie

Barend Ritter—1 Junie

Rochelle Roux—2 Junie

CorneliusStreicher—2 Junie

Marie Schmidt—3 Junie

Andries Brits—5 Junie

Jacques Decker—6 Junie

Rene Visser—7 Junie

Letitha Janse van Vuuren—10 Junie

Densil Botha—12 Junie

Philna Visser—15 Junie

Pieter Human—16 Junie

Margie Smit—17 Junie

Francois Smal—17 Junie

Pierre Smit—17 Junie

Maryka Streicher—17 Junie

Lorette van Niekerk—18 Junie

Yolande Van Rensburg—19 Junie

Ilse Alberts—19 Junie

Johan Coetzee—21 Junie

Elzeth Kuun—23 Junie

Tobie Vermeulen—24 Junie

Rian Visser—24 Junie

Christie Stoltz—25 Junie

Jessica Flack—25 Junie

Christa Bosch—27 Junie

Marcel Dryer—27 Junie

Arnold Greeff—28 Junie

Graag versoek ons dat u u kinders se geboortes aan ons Sekretaresse sal deurgee.

MYLPALE / MILESTONES

10de Streek toekenning

SKURWEKOP

Chris en Marta Rust

HERNUWING VAN LIDMAATSKAP

KSA se finansiële jaar loop ten einde op 30 Junie 2011. Dit beteken dat almal van ons weer ons lidmaatskapfooie vir die volgende jaar moet betaal. Die gelde kan by enige van die komende kampe direk aan ons Sekretaresse, **Petro Marais (Smurfy)**, óf ons Tesourier, **Sonja Ritter**, betaal word. Hulle sal kwitansies uitreik en Sonja sal dan verseker dat die lidmaatskapkaartjies by diegene uitkom wie betaal het. Onthou dat u nie u lidmaatskapgelde by die Marshals van die naweek kan betaal waar u die normale kampgelde betaal nie. Lidmaatskapgelde kan slegs by Sonja óf Smurfy betaal word. Ledegelde beloop nou **R210.00 per jaar**.

Andersins kan u óf 'n elektroniese oordrag direk in KSA Tygerbergstreek se bankrekening doen, óf die geld by enige ABSA tak gaan inbetaal. Indien u van enige van hierdie twee metodes gebruik maak, MOET u asseblief onthou om u **lidmaatskapnommer** as **verwysingsnommer** op die deposito strokie te gebruik. Die bankbesonderhede is as volg:

BAIE, baie dankie aan almal wie reeds hulle lidmaatskap hernu het. **Kom ons kyk of almal hul ledegeld kan hernu voor die einde van Julie 2011.** Ons wil graag die gelde so vinnig moontlik aan KSA Hoofkantoor oorbetaal.

CCSA Tygerberg Region's Banking Details:

Bank: ABSA Bank

Acc. No. 3800 409 2381

Branch Code: 632 005

Acc. Name: KSA Tygerbergstreek

Reference: Membership No. / Your Name

SKAAP LOOITJIE WENNER



Ons bedank Tygerberg Karavane en Campworld en spesiaal Ben Barber die Eienaar, wat 2 skape geborg het in ruil vir die huur van ons Sosiale Tent, gedurende hul ope naweek. Die komitee het goed gedink om die 2 skape uit te loot vir fondsinsameling. 'n Pragtige bedrag van R2820.00 is ingesamel deur hierdie projek. Die looitjietrekking het plaasgevind gedurende die kampnaweek by Skurwekop.

Ons twee gelukkige wenners is **Maruis van Niekerk** en **Helena van Schalkwyk**.

PETROL LOOITJIE WENNER

Baie geluk aan Rian Visser wat die petrol looitjie gewen het.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Algemene Jaarvergadering (AGM)

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op 6 Augustus 2011 by de Hollandshe Molen. Aangesien Tygerberg-streek die grootste streek in die land is, is die verwagting dat daar hierdie jaar wel 'n verkiesing sal plaasvind. **Nominasies** is nodig om in hierdie verwagting te voldoen. Lede wat belangstel word vriendelik uitgenooi om met enige van die Komiteelede te gesels ten opsigte van enige funksionaliteite van die Komitee. 'n Vriendelike, maar tog ernstige beroep word gerig aan al Tygerbergstreek se lede om na vore te kom vir enige voorstelle en nominasies.

Hannes Mundey, Sonja Ritter en Chris Groenewald bly onveranderd vir die 2e helfte van die oorblywende termyn.

Joan Mundey & Marika van Eck is herverkiesbaar vir die volgende termyn. Daar is 3 vakante komitee posisies beskikbaar

(Marius Opperman, Deon Lerm & Smurfy Marais is nie beskikbaar nie)

Stuur asb nominasies aan die Sekretaresse (smufymarais@gmail.com)

Lede moet asb seker maak dat die genomineerde persone wel beskikbaar is om op die komitee te dien

Kennis gewing van Algemene Jaarvergadering

Kennis geskied hiermee van die 29ste Algemene Jaarvergadering van die Tygerberg-streek van die Karavaanklub van Suidelike Afrika wat gehou sal word by de Hollandsche Molen Karavaanpark, op Saterdag die 6 Augustus 2011 om 10h00.

Notice is hereby given of the 29th Annual General Meeting of the Tygerberg Region of the Caravan Club of Southern Africa to be held at de Hollandsche Molen Caravan Park on Saturday, 6th August 2011 at 10h00.

Lede word weereens daaraan herinner om hulle ledegeld vir 2011/2012 te betaal voor die Algemene Jaar Vergadering om hulle in staat te stel om te kan stem tydens die vergadering.

Members are once again reminded to have their subscriptions for 2011/2012 paid up before the Annual General Meeting to entitle them to vote at the meeting.

Die nominasievorm kan afgelaai word van die webtuiste om te voltooi en moet ingehandig word voor of op die 6de Augustus 2011 voor 08h00 aan:

Die Streekssekretaresse

KSA Tygerbergstreek

Posbus 1797

Brackenfell

7560

The nomination form may now be downloaded from the website and are to be completed and submitted before or on the 6th August 2011 before 08h00 to:

The Regional Secretary

CCSA Tygerberg Region

P.O. Box 1797

Brackenfell

7560

Stalletjies kan bespreek word by Divvie de Villiers.

Wat is Snoektown :

Elke tweede jaar word 'n Snoektown gehou ten bate van fondinsameling vir ons Weskaap Streek(Provinsie). Alle winste word oorgeplaas na Provinsie se rekening nadat die "Host Streek" die kostes verhaal het.

Die provinsie op sy beurt spandeer die kostes aan ons Website /Provinsiale vergadering en Konvensie uitgawes. Hulle het natuurlik ook van die kostes gedra wat aangegaan was rondom die Afgelope Buite Ekspo en indien betrokke by volgende jaar weer.

Daar is ook 'n "**early bird special**" teen R150 per nag wat voor 30/6/2011 betaalbaar is. Die spesiale tarief is R185 per nag en moet tussen 1/7/2011 en 31/7/2011 betaal word. Die normale tarief is R220 per nag en moet tussen 1/8/2011 en 31/8/2011 betaal word.

Dagbesoekers tariewe is R10 per persoon en kinders onder 13 is gratis.

Snoektown 2011

aangebied deur/organised by

Tygerbergstreek / Tygerberg Region

SPORT PROGRAM

Pentague

Volley Ball
Mini Drie Kamp (Swem, hardloop, fietsry)

Boeresport :
Sak resies
Water balon gooi
Eier gooi
Drie been hardloop
Maak plastiek bottel vol met klein houer of spons

Support your Region and bring your Regional flags and banners along to the swimming pool area. The idea is to get as many of our members, including the children, to participate in the various sport/fun events. Everybody is welcome to participate. Let us have fun ... fun ...fun!

Die tye van die sport aktiwiteite sal nader aan die tyd bekend gemaak word. Begin solank met die afstof van die tekkies en fietse ... 'ons gaan sports hê!'

Hiermee inligting tov Snoektown se stalletjies:

Stalletjies kan bespreek word by Divvie de Villiers.
Stalletjies word alleenlik bedryf op Saterdag 10/09 tussen 08:00 en 16:00. Die stalletjies word oopgestel vir individue en streke; na 30 Junie sal dit oopgestel word aan Jan Publiek.
Tygerbergstreek neem net verantwoordelikheid vir die verkope van koeldranke, sappe, energie drankies & water.
Daar is 'n beperking op kos stalletjies maw net twee items mag per stalletjie verkoop word, bv, hamburgers & Hotdogs OF Vis & Skyfies OF roomys & draai roomys, ens. (die aansoeke wat dus eerste ontvang word, sal geakkommodeer word).
Nie-kos items stalletjies is onbeperk.
Kos stalletjies kan nie met nie-kos items gemeng word nie, maw as julle kos wil verkoop asook bv juweliersware, moet julle 2 stalletjies huur.

Potjiekos kompetisie: Elke Streek is verplig om deel te neem.
Die kriteria vir die beoordeling: aanbieding van potjies asook stalletjie.
Beoordeling van potjiekos kompetisie: Saterdag 10/09 om 17:00.
Minumum grote van potjie: nommer 3.
Elke potjie moet kos aan ten minste 10 persone voorsien.
Kaartjies vir die potjiekos verkope is R20 per bakkie – kaartjies sal vanaf 'n sentrale punt verkoop word.
Tygerbergstreek sal die kosbakkies, plastiek messe & vurke en servette voorsien.

ADVERTENSIES

Let wel : Advertensies moet in jpeg formaat gestuur word tesame met die bewys van betaling.

Eugene Ehlers
Director / Direkteur

Tel: (021) 558 4582
Sel/Cell: 083 644 6993
Faks/ Fax: 086 517 5013
E-mail/ E-pos: eugene@titanrm.co.za

TRM
TITAN RISK MANAGEMENT
TITAN RISIKOBESTUUR
FSP 10887

"Korttermynversekeringsmakelaar vir KSA Tygerberg / Short term insurance broker for CCSA Tygerberg"

LABOURWISE
www.labourwise.co.za

THE EMPLOYERS CHOICE for all labour matters, standard documentation (warnings , contracts, notices, etc.) and **FULL TELEPHONIC & EMAIL support** for the day-to-day management of employees.

Contact Pieter Human on 086 010 2871 and/or info@labourwise.co.za for

Glo – Sticks

Ons kindertjies moet onthou dat daar by elke kamp

Glo – sticks te koop is teen R2.50 een.

Lastige kleingeld (Bybel verspreiding)

Onthou om Oom Cassie Carstens se "lastige kleingeld" saam te bring en dit in te dien teen einde Julie sodat Tygerbergs-treek weer 'n verskil kan maak om aan iemand 'n Bybel te borg. Die Komitee wil vir elke seun en dogter dankie sê vir hulle gereelde bydraes en wees verseker dat Liewe Jesus elke dag met ons is.

Baie maklike mieliebroodjie vir die wat 'n oondjie by die karavaan het.

1 blikkie kondensmelk

1 blikkie suikermielies (sweatcorn)

500g bruismeel

Meng alles saam. Bak in 'n brood pannetjie op 180 grade vir 'n uur of tot gaar.

GEDAGTE VIR DIE MAAND

Geniet jou lewe

Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie……

Kolossense 3:23

Jesus het gesterf sodat jy in oorvloed kan leef, nie net op die dae wanneer jy nie werk toe gaan of met vakansie is, of wanneer jy gaan inkopies doen of gholf speel nie –

Maar elke dag van jou lewe.Hy wil hê jy moet dit geniet om te gaan kruideniersware koop.

Hy wil hê dit moet vir jou lekker wees om die kinders skool toe te neem.

Hy wil hê jy moet dit geniet om die rekeninge te betaal.

Hy wil hê jy moet dit geniet om die huis skoon te maak of die gras te sny.

Jy kan die lewe geniet as jy besluit om dit te doen.

Sê: " **Ek gaan elke aspek van my lewe geniet, want Jesus het gesterf sodat ek ongelooflike en heerlike vreugde kan beleef."**

Sien julle by die volgende kamp - Dwarskersbos

Geography:

Province : Western Cape
Region : West Coast
Closest Town : Velddrif
Distance to Town : 13km
GPS: Campsite S 32.693381 E 18.234074

Camp Sites :

Sites Available : 121
Ground Cover : Sand
Shade : Most of the sites have shade
Power points : Standard Power Point

Lights : None
Special rules Radios & music in moderation. Silence from 23h00.

Activities :

Swim Sea
Fishing Sea
Bird Watching : Yes
Other Activities : Bokkom drying Fish Factory Poppehuis-Velddrif

Facilities :

Toilets : Flush Toilets
Showers : Hot showers
Bath : Yes
Shop : Yes
Braai Grill : Yes
Other : Play Park, Restaurant nearby, Hall

KSA TYGERBERGSTREEK
CCSA TYGERBERG REGION

Posbus 1797
Brackenfell
7560

Tel: 021 981 5821
Faks: 086 656 3345
E-Pos: tygerberg@caravanclub.org.za
Webtuiste: www.caravanclub.org.za

ONDERVIND DIE KARAVAAN LEWE SAAM MET TYGERBERGSTREEK

KSA TYGERBERGSTREEK KOMITEE

Titel	Komittee Lid	Telefoon Nommer	Faks Nommer	E-Pos Adres
Voorsitter	Hannes Mundey	082 492 7126	086 532 8824	hmundey@sacd.co.za
Onder-Voorsitter/PRO	Marius Opperman	082 570 5758	021 557 0730	marius@bravoprojects.co.za
Sekretaresse	Smurfy Marais	082 882 9797	021 917 3508	smurfymarais@gmail.com
Tesourier	Sonja Ritter	083 644 6263	086 656 3345	sonjarit@mweb.co.za
Hoof Saamtrekbeampte	Chris Groenewald	083 302 0471	021 947 4351	chrisgr@mweb.co.za
Lede Diens	Deon Lerm	082 573 7299	086 656 3345	deon@bravoprojects.co.za
Sosiaal	Joan Mundey	082 497 4043	086 656 3345	joan@bravoprojects.co.za
Smous	Marika van Eck	084 839 2042	086 604 9576	smous.trader@gmail.com
Redakteur	Marlene Etzebeth	082 484 4284		jmc@etzebeth.co.za

Disclaimer

The views expressed in this publication are not necessary those of the editor, the region/club or committee and they do not accept liability for them. While every care is taken with reproduction of photos and other submitted formats and articles, the persons above do not accept liability for loss or damage to the articles supplied.